# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,40 | Maandag 16 Mei 1988 | WINDHOEK | Monday 16 May 1988 | No. 5545


INHOUD: | CONTENTS:


| | | Bladsy | | | Page |
|---|---|---|---|---|---|
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | | | **GOVERNMENT NOTICES** | | |
| No. 86 | Aansoek en versoek dat gedeeltes van plaaspad 449 gesluit moet word: Distrik Bethanien | 2 | No. 86 | Application and request that portions of farm road 449 be closed: District of Bethanien | 2 |
| No. 87 | Voorstel dat plaaspad 1528 gesluit moet word: Distrik Windhoek | 3 | No. 87 | Proposal that farm road 1528 be closed: District of Windhoek | 3 |
| No. 88 | Opdra van die uitvoering van sekere Wetsbepalings aan die Minister van Nasionale Opvoeding en die Sentrale Personeelinstelling | 4 | No. 88 | Assignment of the Administration of certain provisions of law to the Minister of National Education and the Central Personal Institution. | 4 |
| **ALGEMENE KENNISGEWINGS** | | | **GENERAL NOTICES** | | |
| No. 64 | Munisipaliteit Otavi: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing | 6 | No. 64 | Municipality of Otavi: Amendment of Electricity Supply Regulations | 6 |
| No. 65 | Munisipaliteit Usakos: Wysiging van Elektrisiteitsvoorsieningsregulasies | 6 | No. 65 | Municipality of Usakos: Amendment of Electricity Supply Regulations | 6 |
| No. 66 | Munisipaliteit Windhoek: Heromskrywing van Katutura-Dorp | 7 | No. 66 | Municipality of Windhoek: Redefinition of Katutura Town | 7 |
| No. 67 | Stad Windhoek: Permanente sluiting van gedeeltes van Taubenweg, Perlhuhnstrasse, Maraboeweg en die hele Robin Road | 8 | No. 67 | City of Windhoek: Permanent closing of portions of Tauben Road, Perlhuhn Street, Maraboe Road and the whole of Robin Road | 8 |
| No. 68 | Dorpstigting van die dorp: Goreangab | 9 | No. 68 | Establishment of the township: Goreangab | 9 |
| No. 69 | Munisipaliteit Keetmanshoop: Kennisgewing - agterstallige eiendomsbelasting en rente | 10 | No. 69 | Municipality of Keetmanshoop: Notice - Arrear rates an interest | 10 |
| No. 70 | Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Kennisgewing - agterstallige eiendomsbelasting en rente | 10 | No. 70 | Peri-Urban Development Board: Notice - Rates and Taxes outstanding - five years and longer | 10 |

## Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 86 1988

AANSOEK EN VERSOEK DAT GEDEELTES VAN PLAASPAD 449 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK BETHANIEN

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Bethanien gedoen is dat die gedeelte van plaaspad 449 wat in Bylae I beskryf en deur die simbole D-E op sketskaart P1401 aangetoon word, gesluit moet word; en

(b) ingevolge artikel 17(2) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Padraad van Bethanien versoek dat die gedeelte van plaaspad 449 wat in Bylae II beskryf en deur die simbole A-B-C-D op sketskaart P1401 aangetoon word, gesluit moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek en versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Bethanien, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek of versoek, of beide die aansoek en versoek, word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

## Government Notices

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 86 1988

APPLICATION AND REQUEST THAT PORTIONS OF FARM ROAD 449 BE CLOSED: DISTRICT OF BETHANIEN

It is hereby made known -

(a) in terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that application has been made to the Roads Board of Bethanien that the portion of farm road 449 described in Schedule I and shown on sketch-map P1401 by the symbols D-E, be closed; and

(b) in terms of section 17(2) of the said Ordinance that the Roads Board of Bethanien requests that the portion of farm road 449 described in Schedule II and shown on sketch-map P1401 by the symbols A-B-C-D, be closed.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application and request refer and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Bethanien, during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned application or request, or both the application and request, is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

BYLAE I

Van 'n punt (D op sketskaart P1401) op die gemeenskaplike grens van plase Feldschuhhorn West 90 en Simplon 79 algemeen noordooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (E op sketskaart P1401) op distrikspad 462 op laasgenoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt (A op sketskaart P1401) op plaaspad 460 op die plaas Waldsee 91 algemeen noordnoordweswaarts en al meer noordnoordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1401) op genoemde plaas; van daar algemeen wesnoordweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1401) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Feldschuhhorn West 90; van daar algemeen noordwaarts en al meer noordnoordooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (D op sketskaart P1401) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en die plaas Simplon 79.

SCHEDULE I

From a point (D on sketch-map P1401) on the common boundary of the farms Feldschuhhorn West 90 and Simplon 79 generally north-eastwards across the last-mentioned farm to a point (E on sketch-map P1401) on district road 462 on the last-mentioned farm.

SCHEDULE II

From a point (A on sketch-map P1401) on farm road 460 on the farm Waldsee 91 generally north-north-westwards and more and more north-north-eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1401) on the said farm; thence generally west-north-westwards across the said farm to a point (C on sketch-map P1401) on the common boundary of the said farm and the farm Feldschuhhorn West 90; thence generally northwards and more and more north-north-eastwards across the last-mentioned farm to a point (D on sketch-map P1401) on the common boundary of the last-mentioned farm and the farm Simplon 79.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. 87 1988

VOORSTEL DAT PLAASPAD 1528 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK WINDHOEK

Ingevolge artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat, in die distrik Windhoek, plaaspad 1528 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B-C-D op sketskaart P1039 aangetoon word, gesluit moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Windhoek, ter insae beskikbaar wees.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. 87 1988

PROPOSAL THAT FARM ROAD 1528 BE CLOSED: DISTRICT OF WINDHOEK

In terms of section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that, in the district of Windhoek, farm road 1528 described in the Schedule and shown on sketch-map P1039 by the symbols A-B-C-D, be closed.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek, during normal office hours.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1039) op die plaas Gedeelte 42 van Nubuamis 37 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas en die plase Gedeelte 43 van Nubuamis 37 en Gedeelte 44 van Nubuamis 37 tot op 'n punt (B op sketskaart P1039) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1039) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en die plaas Gedeelte 13 van Nubuamis 37; van daar algemeen suidooswaarts oor die plaas Gedeelte 13 van Nubuamis 37 tot op 'n punt (D op sketskaart P1039) op distrikspad 1491 op genoemde plaas.

Every person having any objection to the above-mentioned proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1039) on the farm Portion 42 of Nubuamis 37 generally eastwards across the said farm and the farms Portion 43 of Nubuamis 37 and Portion 44 of Nubuamis 37 to a point (B on sketch-map P1039) on the last-mentioned farm; thence generally south-eastwards across the last-mentioned farm to a point (C on sketch-map P1039) on the common boundary of the last-mentioned farm and the farm Portion 13 of Nubuamis 37; thence generally south-eastwards across the farm Portion 13 of Nubuamis 37 to a point (D on sketch-map P1039) on district road 1491 on the said farm.

---

SENTRALE PERSONEELINSTELLING

No. 88 1988

OPDRA VAN DIE UITVOERING VAN SEKERE WETSBEPALINGS AAN DIE MINISTER VAN NASIONALE OPVOEDING EN DIE SENTRALE PERSONEELINSTELLING

Kragtens artikel 30(2) van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), dra die Kabinet hierby die uitvoering van die wetsbepalings wat in die Bylae vermeld word en wat sekere bevoegdhede, pligte of werksaamhede aan die Kabinet toewys, aan die Minister van Nasionale Gesondheid en die Sentrale Personeelinstelling op.

Op Las van die Kabinet.

A.N. MATJILA
Voorsitter van die Kabinet Windhoek, 25 April 1988

CENTRAL PERSONNEL INSTITUTION

No. 88 1988

ASSIGNMENT OF THE ADMINISTRATION OF CERTAIN PROVISIONS OF LAW TO THE MINISTER OF NATIONAL EDUCATION AND THE CENTRAL PERSONNEL INSTITUTION

Under section 30(2) of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), the Cabinet hereby assigns to the Minister of National Education and the Central Personnel Institution the administration of the provisions of the laws that are referred to in the Schedule and which entrust to the Cabinet certain powers, duties or functions.

By Order of the Cabinet.

A.N. MATJILA
Chairman of the Cabinet Windhoek, 25 April 1988

## BYLAE

1. Artikels 9 (beperk tot (a) die aanstelling van 'n persoon as (i) 'n beampte in 'n pos of rang met gradering laer as dié van Adjunk-direkteur; en (ii) 'n werknemer (insluitende 'n kontrakwerknemer); en (b) die bevordering van (i) 'n beampte tot 'n pos of rang met 'n gradering laer as dié van Adjunk-direkteur; en (ii) 'n werknemer (insluitende 'n kontrakwerknemer) tot die eerste bevorderingspos of -rang); 12(3)(a) (beperk tot die bekragtiging van 'n aanstelling, oorplasing of bevordering van 'n beampte met 'n gradering laer as dié van Adjunk-direkteur); 12(4) saamgelees met 14(5)(f) (beperk tot die ontslag van 'n beampte op proef met 'n gradering laer as dié van Adjunk-direkteur; 13(2) (beperk tot die oorplasing van 'n beampte of werknemer met 'n gradering laer as dié van Departementshoof); 14(3); 14(4); 14(6)(b); 14(7); (beperk tot die ontslag van (a) 'n beampte met 'n gradering laer as dié van Adjunk-direkteur weens 'n rede in artikel 14(5)(a), (b), (c) of (g); en (b) 'n werknemer met 'n gradering laer as dié van Adjunk-direkteur); 16(2) saamgelees met 15(3); 18(2)(a), (d) en (e) (beperk tot die skorsing en intrekking daarvan, van 'n beampte met 'n gradering laer as dié van Adjunk-direkteur); 18(5); 25 en 26 van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980).

2. Regulasies A1, A6.3, A13.2(b) en C3.2(a) en (b) van die Regeringsdiensregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 28 van 1981.

## SCHEDULE

1. Sections 9 (limited to (a) the appointment of a person as (i) an officer to a post or rank graded lower than that of Deputy Director; and (ii) an employee (including an employee on contract); and (b) the promotion of (i) an officer to a post or rank graded lower than that of Deputy Director; and (ii) an employee (including an employee on contract) to the first promotion post or rank); 12(3)(a) (limited to the confirmation of the appointment, transfer or promotion of an officer graded lower than that of Deputy Director); 12(4) as read with 14(5)(f) (limited to the discharge of an officer on probation graded lower than that of Deputy Director); 13(2) (limited to the transfer of an officer or employee graded lower than that of head of Department); 14(3); 14(4); 14(6)(b); 14(7) (limited to the discharge of (a) an officer graded lower than that of Deputy Director for a reason referred to in section 14(5)(a), (b), (c) or (g); and (b) an employee graded lower than that of Deputy Director); 16(2) as read together with 15(3); 18(2)(a), (d) and (e) (limited to the suspension, and the cancellation thereof, of an officer graded lower than that of Deputy Director); 18(5); 25 and 26 of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980).

2. Regulations A1, A6.3, A13.2(b) and C3.2(a) and (b) of the Government Service Regulations promulgated by Government Notice AG. 28 of 1981.

# Algemene Kennisgewings

No. 64 1988

MUNISIPALITEIT OTAVI: WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING

Die raad van die Munisipaliteit Otavi het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Modelregulasies op Elektrisiteitsverskaffing afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957 en op genoemde munisipaliteit van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 165 van 1964 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysiging is deur die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Byvoegsel D word hierby gewysig -

(a) deur in paragraaf 5(a)(i)(a) die bedrag "R8,50" deur die bedrag "R10,00" en die bedrag "R0,30" deur die bedrag "R0,35" te vervang;

(b) deur in paragraaf 5(a)(ii) die bedrag "R0,08" deur die bedrag "R0,09" te vervang; en

(c) deur in paragraaf 5(c)(i)(a) die bedrag "R0,85" deur die bedrag "R1,00" te vervang.

---

No. 65 1988

MUNISIPALITEIT USAKOS: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Usakos het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnan-

# General Notices

No. 64 1988

MUNICIPALITY OF OTAVI: AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Otavi has under section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) further amended the Model Electricity Supply Regulations promulgated under Government Notice 109 of 1957, and made applicable to the said municipality by Government Notice 165 of 1964 as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Minister of Local Government and Civic Affairs under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

Appendix D is hereby amended -

(a) by the substitution in paragraph 5(a)(i)(a) for the amount "R8,50" of the amount "R10,00" and for the amount "R0,30" of the amount "R0,35";

(b) by the substitution in paragraph 5(a)(ii) for the amount "R0,08" of the amount "R0,09"; and

(c) by the substitution in paragraph 5(c)(i)(a) for the amount "R0,85" of the amount "R1,00".

---

No. 65 1988

MUNICIPALITY OF USAKOS: AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Usakos has under section 244(5) of the Municipal Ordinance,

sie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Elektrisiteitsvoorsieningsregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957 en op genoemde munisipaliteit van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 120 van 1959, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Die Tariewe en Heffings word hierby gewysig -

(a) deur in item 5(A)(a) die bedrae "R11,50" en "R0,60" deur, onderskeidelik, die bedrae "R13,50" en "R0,70" te vervang;

(b) deur in item 5(A)(b) die bedrag "R0,0825" deur die bedrag "R0,0925" te vervang;

(c) deur in item 5(B)(a) die bedrae "R14,00" en "R1,25" deur, onderskeidelik, die bedrae "R16,50" en "R1,45" te vervang;

(d) deur in item 5(B)(b) die bedrag "R0,0825" deur die bedrag "R0,0925" te vervang; en

(e) deur in item 5(D)(a) die bedrag "R9,30" deur die bedrag "R13,50" te vervang.

---

1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Electricity Supply Regulations promulgated under Government Notice 109 of 1957 and applied to the said municipality by Government Notice 120 of 1959, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Minister of Local Government and Civic Affairs under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

The Tariffs and Charges are hereby amended -

(a) by the substitution in item 5(A)(a) for the amounts "R11,50" and "R0,60" of the amounts "R13,50" and "R0,70", respectively;

(b) by the substitution in item 5(A)(b) for the amount "R0,0825" of the amount "R0,0925";

(c) by the substitution in item 5(B)(a) for the amounts "R14,00" and "R1,25" of the amounts "R16,50" and "R1,45" respectively;

(d) by the substitution in item 5(B)(b) for the amount "R0,0825" of the amount "R0,0925"; and

(e) by the substitution in item 5(D)(a) for the amount "R9,30" of the amount "R13,50".

---

No. 66 1988

MUNISIPALITEIT WINDHOEK: HEROMSKRYWING VAN KATUTURA-DORP

Die raad van die Munisipaliteit Windhoek het ingevolge artikel 2(1)(a) en (b) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die Bylae tot Goewermentskennisgewing 40 van 1973 gewysig deur genoemde terrein in genoemde Bylae uit te brei deur die toevoeging van die volgende eiendomme

No. 66 1988

MUNICIPALITY OF WINDHOEK: REDEFINITION OF KATUTURA TOWN

The council of the Municipality of Windhoek has in terms of section 2(1)(a) and (b) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), amended the Schedule to Government Notice 40 of 1973 by extending the said area defined in the said Schedule by the addition of the following properties -

(a) 'n Sekere stuk grond, groot 343,6282 hektaar aangetoon op sketskaart P/1852/A wat te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsingenieur, Stadhuis, Kaiserstraat, Windhoek, ter insae beskikbaar is;

(b) die Restant van Gedeelte B van die plaas Nubuamis 37;

(c) die Restant van Gedeelte 13 van die plaas Nubuamis 37;

(d) Gedeelte 65 van die Restant van Gedeelte 13 van die plaas Nubuamis 37;

(e) Gedeelte 42 van die Restant van Gedeelte 13 van die plaas Nubuamis 37;

(f) Gedeelte 43 van die Restant van Gedeelte 13 van die plaas Nubuamis 37; en

(g) Gedeelte 44 van die Restant van Gedeelte 13 van die plaas Nubuamis 37.

Die Kabinet het ingevolge artikel 2(1) van genoemde Proklamasie genoemde uitbreidings en wysigings goedgekeur.

(a) A certain area of land, in extent 343,6282 hectares as shown on sketch map P/1852/A which shall at all times lie open for inspection at the office of the City Engineer, Municipal Offices, Kaiser Street, Windhoek, during normal office hours;

(b) the Remainder of Portion B of the Farm Nubuamis 37;

(c) the Remainder of Portion 13 of the Farm Nubuamis 37;

(d) Portion 65 of the Remainder of Portion 13 of the Farm Nubuamis 37;

(e) Portion 42 of the Remainder of Portion 13 of the Farm Nubuamis 37;

(f) Portion 43 of the Remainder of Portion 13 of the Farm Nubuamis 37; and

(g) Portion 44 of the Remainder of Portion 13 of the Farm Nubuamis 37.

The Cabinet has in terms of section 2(1) of the said Proclamation approved the said extensions and amendments.

---

## STAD WINDHOEK

No 67 1988

### PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTES VAN TAUBENWEG, PERLHUHNSTRASSE, MARABOEWEG EN DIE HELE ROBIN ROAD

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/2109/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, Kamer 709, Stadhuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

Gedeeltes van Taubenweg, Perlhuhnstrasse, Maraboeweg en die hele Robin Road

## CITY OF WINDHOEK

No. 67 1988

### PERMANENT CLOSING OF PORTIONS OF TAUBEN ROAD, PERLHUHN STREET, MARABOE ROAD & THE WHOLE OF ROBIN ROAD

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/2109/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 709, Municipal Offices, Kaiser Street:

Portions of Tauben Road, Perlhuhn Street, Maraboe Road & the whole of Robin Road.

Besware teen die voorgenomde sluiting moet ingevolge Artikel 193(3) van die bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Burgerlike Beskerming, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word.

W J KOTZÉ
STADSKLERK

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Civil Defence, Private Bag 13289, and the Town Clerk, P O Box 59, Windhoek, in accordance with Article 193(3) of the above Ordinance within 30 days after the appearance of this notice.

W J KOTZÉ
TOWN CLERK

---

No. 68 1988

DORPSTIGTING VAN DIE DORP: GOREANGAB

Kennis geskied hierby kragtens subartikel (5) van artikel 5 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) dat aansoek gedoen is om die stigting van die dorp Goreangab op 'n gedeelte van die Plaas Gammans nr. 36, geleë in die distrik Windhoek en dat die aansoek ter insae lê by die kantore van die Direkteur: Plaaslike Owerhede en Beplanning, Windhoek, die Landmeter-generaal in Windhoek en die Stadsklerk, Munisipaliteit Windhoek.

Elkeen wat beswaar het teen die toestaan van die aansoek of wat 'n verklaring in verband met die saak wil aflê, kan persoonlik voor die Dorperaad getuig by die vergadering van die Dorperaad wat gehou sal word op 21 Junie 1988 om 10h30 in Kamer 211, 2de Vloer, Justitiagebou, Windhoek, of hy/sy kan skriftelik getuienis by die Dorperaad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien: Met dien verstande dat die sodanige getuienis die Sekretaris van die Dorperaad nie later nie as 30 Mei 1988 moet bereik.

G. REUTER
VOORSITTER: DORPERAAD

No. 68 1988

ESTABLISHMENT OF THE TOWNSHIP: GOREANGAB

Notice is hereby given in terms of subsection (5) of section 5 of the Townships and Division of Land Ordinance 1963 (Ordinance 11 of 1963) that application has been made for the establishment of the township Goreangab on a portion of the Farm Gammans no. 36, situated in the district of Windhoek and that the application is lying open to inspection at the offices of the Director: Local Government and Planning in Windhoek, the Surveyor-General in Windhoek and the Town Clerk, Municipality, Windhoek.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who desires to be heard in the matter, may give personal evidence before the Townships Board at the meeting of the board which will be held on 21 June 1988 at 10h30 in Room 211, 2nd Floor, Justitia Building, Windhoek, or submit written evidence to the Townships Board, Private Bag 13289, Windhoek: Provided that such written evidence shall reach the Secretary of the Townships Board not later than 30th May, 1988.

G. REUTER
CHAIRMAN: TOWNSHIPS BOARD

No. 69 1988

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP
KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee Kragtens Artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie Nr 13 van 1963, soos gewysig, aan die ondergenoemde persoon wat die geregistreerde eienaar van die ondervermelde erf is, dat die erf verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente indien u sou nalaat om dit te betaal binne drie (3) maande vanaf datum van die laaste publikasie hiervan.

| GEREGISTREERDE EIENAAR | ERF NR | GROOTTE VK METER |
|---|---|---|
| MW Neuneier | 281 Keetmanshoop Dorp | 2381 |

P.J. BOONZAAIER
STADSKLERK

No. 69 1988

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP
NOTICE

Notice is hereby given in terms of Section 171(1) of the Municipal Ordinance No 13 of 1963 as amended to the following registered owner that the undermentioned property will be sold to recover arrear rates and interest should it not be paid within three (3) months from the date of the last publication hereof.

| REGISTERED OWNER | ERF NO | AREA SQUARE METER |
|---|---|---|
| MW Neuneier | 281 Keetmanshoop Township | 2381 |

P.J. BOONZAAIER
TOWN CLERK

---

No. 70 1988

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING

KENNISGEWING

EIENDOMSBELASTING UITSTAANDE VYF JAAR EN LANGER

Kennis geskied hiermee aan die ondergemelde geregistreerde erfeienaars of hul opvolgers in titel, dat die ondergenoemde erwe geleë in buitestedelike gebiede, kragtens regulasie 6(1) van die Raad se Regulasies op Eiendomsbelasting, verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente, indien u nalaat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van laaste publikasie hiervan.

A. KALKFELD

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| C.E.J. Schneider | 89 |
| J.H. Grobler | 184 |
| K. Samp | 199 |
| K. Samp | 200 |
| K. Samp | 201 |
| H. Jank | 219 |

No. 70 1988

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD

NOTICE

RATES AND TAXES OUTSTANDING FIVE YEARS AND LONGER

Notice is hereby given to the following registered owners or their successors in title that the undermentioned properties in the Peri-Urbun areas, in terms of regulation 6(1) of the Board's Regulations on Rates, will be sold to recover arrear rates and interest, should it not be paid within THREE MONTHS from the date of the last publication hereof.

A. KALKFELD

| REGISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| C.E.J. Schneider | 89 |
| J.H. Grobler | 184 |
| K. Samp | 199 |
| K. Samp | 200 |
| K. Samp | 201 |
| H. Jank | 219 |

B. KALKRAND

| GEREGISTREERDE EIENAAR | ERFNOMMER |
|---|---|
| J.A.J. van Zyl | 119 |

C. KAMANJAB

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 1 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 48 |
| J.M. van Rensburg | 55 |
| J.M. van Rensburg | 56 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 68 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 69 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 135 |

D. LUDERITZ

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| R.K. Schultheiss | 469 |
| R.K. Schultheiss | 471 |
| R.K. Schultheiss | 596 |
| R.K. Schultheiss | 597 |
| F.W.H. Mroczkowski | Gedeelte 31 (Gedeelte van Gedeelte G) |

E. MALTAHÖHE

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| C. Olsen | 2 |
| J.J. du Rand | 126 |

F. WITVLEI

| GEREGISTREERDE EIENAARS | ERFNOMMERS |
|---|---|
| J. Barrett | 7 |
| J. Barrett | 8 |
| J. Barrett | 9 |
| J. Barrett | 15 |
| J. Barrett | 182 |

B. KALKRAND

| REGISTERED OWNER | ERF NO |
|---|---|
| J.A.J. van Zyl | 119 |

C. KAMANJAB

| REGEISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 1 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 48 |
| J.M. van Rensburg | 55 |
| J.M. van Rensburg | 56 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 68 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 69 |
| Odendalia Trust (Pty) Ltd | 135 |

D. LUDERITZ

| REGISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| R.K. Schultheiss | 469 |
| R.K. Schultheiss | 471 |
| R.K. Schultheiss | 596 |
| R.K. Schultheiss | 597 |
| F.W.H. Mroczkowski | Portion 31 (Portion of Portion G). |

E. MALTAHÖHE

| REGISTERED OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| C. Olsen | 2 |
| J.J. du Rand | 126 |

F. WITVLEI

| REGISTERD OWNERS | ERF NO |
|---|---|
| J. Barrett | 7 |
| J. Barrett | 8 |
| J. Barrett | 9 |
| J. Barrett | 15 |
| J. Barrett | 182 |

G. ARANOS

| GEREGISTREERDE EIENAAR | ERFNOMMER |
|---|---|
| A.F. Meyer | 73 |

G. ARANOS

| REGISTERED OWNER | ERF NO |
|---|---|
| A.F. Meyer | 73 |

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa